



KAMMANUUS

Nommer 336

3 September 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Ek kry raas oor my gepiekelde eiers

Lyk my ek bly maar deesdae in die warm water by Onsdorp se lesers. Die keer oor eiers. Kry ek toe mos 'n briefie van Naomi van Bronkhorst-spruit wat my herinner aan 'n ooreenkoms wat ons twee gehad het.

Naomi skryf 'n rukkie gelede in vir die Kammanuus en vra my of sy nie liewer kan ruilhandel nie: Die R120 jaargeld opmaak met gepiekelde eiers. Hoeka 'n voorstaander van die soort smokkel, laat ek weet, maak so!

Ek onderneem plegtig om familie van my se adres in Pretoria-Noord te kry waar sy dit kan aflewer. Net daar en dan waai dit by my agterent uit. Tot haar briefie weer hier opdaag. Let veral op die spelling van my naam. Sy wou seker maak ek kry dié keer die boodskap.

"Liewe Oom Hen-Druk en Kamermaatjie

"Dis met ergere gemoedsbetraking dat ek hierdie ou skrywetjie moet rig. Maar "n deal is 'n deal", seg die Ingelsmanne.

"Ons het mos 'n ooreenkoms gehad, hoe dan nou? Ek kry jou BROODNODIGE en MOET LEES **Kammanuus** vir 'n jaar, en ek stuur jou so 'n ou paar botteltjies piekeleiers, VARS vanuit die hennese ... lêplekkies. Nou gee ek julle 'n raai WIE het toe NIE daardie ooreenkoms nagekom nie?

"Keuse van antwoorde:

1) Hen-DRUK. 2) Naomi. 3) Die arme heme.

Wenk: Die hennese en ek het ons kant gebring en hulle het van toe af al sit en eiers lê, dit lyk soos 'n klein Switserland hier buite om die erf.

"Nou hoor my liewe nuwe lied, al wat eers 'n leë bottel was hier op die werf rond en wat kan toe en oopmaak, staan vol gepiekelde eiers, reg vir aflewering! Die een voordeel? Naomi hou van herwinning. Sy piekel vir jou 'n eierso gousoos nou! As bottels kon hardloop, het hul soos weerlig beweeg as hul my sien, want ge-eier en gepiekel gaan hul raak!

"Ek het my toe mos hoeka nou die dag met die gepiekelry, toe niemand kyk nie, verstout en so 'n boere-eetlepeltjie van die sousies geproe-sluk. Die slukkie was toe heel tydelik. Ek nies en hoess so deur die oop kombus venster dat my eende wat van die dam af terug is op pad huis toe, draai terug en vlieg tot in die middel van die dam.

"Julle dink verniet sommige eende kan nie vlieg nie, myne kan! Verlaas hulle ma warm piekeleiersousies skoon proe! Daai ou sousie brand vir my dat my klein tongetjie soos 'n koei se stert agter my aansleep, 'n ou koei met 'n laaang stert.

"Tot ek met die spoed van WITLIG die yskas oopmaak en sommer so 'n vet sluk uit die melkbottel neem. Onthou gerus, as dit brand, melk help beslis. As jy net nie weer loop staan en verstik nie.

"Nou-ja, die eiers is uit die hennese gate (hulle maak sulke gaatjies waarin hulle lê) en gepiekel en reg vir aflewering, laat weet maar wanneer en waar ek hul kan laat aflewer. Ek moet nou maar afsluit en gaan kyk of daar nie nog bottels en eiers rondlê nie.

"Dankie vir die baie lekker leesstof. Hartlike plaasgroete vir jul almal daar." Naomi."

Nou toe julle, is daar nog van ons lesers naby Bronkhorst-spruit wat hou van gepiekelde poepholvrugte? Kontak gerus vir Naomi!

Groete uit die duine,

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE



Abraham Lincoln
en
Stephen Douglas

Nadat Douglas hom 'n tweegesig genoem het:
"Ek sal die gehoor daaroor laat besluit. Dink julle ek sal hierdie gesig dra as ek 'n ander een gehad het?"



Pierre Trudeau
en
Richard Nixon

Toe hy hoor dat Nixon hom 'n poephol genoem het:
"Ek is al erger dinge deur beter mense genoem."



Egiptiese gesegdes

- Wees geduldig met 'n slegte buurman. Hy sal trek of deur die ongeluk getref word.
- 'n Hond se blaf ontstel nie 'n man op 'n kameel nie.
- 'n Ui wat met 'n vriend gedeel word smaak soos skaapboud.
- Moenie juig oor iets wat nog moet gebeur nie.
- Kennis is wat jy weet, nie wat in die boek staan nie.
- As jy bemin, bemin die maan. As jy steel, steel 'n kameel.

GOED GESE

Die inherente voordeel van kapitalisme is die oneweredige verdeling van seëninge. Die inherente waarde van sosialisme is die eweredige verdeling van ellende. ~ *Winston Churchill*.


'n Liberalis is iemand wat albei sy voete ferm in die lug geplant het.

Darwin-pryse [4]

'n Amerikaanse tiener het in die hospitaal beland nadat hy ernstige kopwonde in 'n treinongeluk opgedoen het.

Toe hy gevra is hoe dit gebeur het, het hy gesê hy wou kyk hoe lank hy sy kop op die treinspoor kan hou voordat hy deur die trein getref word.

EVOLUSIE [3]



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Rolprent laat vrou swanger word

FEIT

'n Wit Amerikaanse paartjie het 'n swart baba gekry en die vrou (38) sê sy het swanger geraak terwyl sy 'n pornografiese film in 3D gekyk het.

Die kind se pa, Erik Johnson, het 'n jaar lank militêre diens in Irak verrig en die swart baba met sy tuiskoms aangetref.

"Ek het geen rede om haar nie te glo nie. Daai 3D-films is baie lewensgetrou. Met vandag se tegnologie is enigiets moontlik." Hy het die baba as sy eie geregistreer.

Sy vrou, Jennifer, sê die kind lyk nes die swart hoofakteur in die rolprent.

"Ek het 'n maand later swanger geraak. Ek gaan nou die teater en die vervaardigers dagvaar.

"Gelukkig glo my man my. Dit kon ons huwelik verwoes het, maar hy weet ek is getrou aan hom."

Bok van diefstal aangekla

FEIT

Die Nigeriese polisie het 'n bok in hegtenis geneem omdat daar vermoed word dat hy besig was om 'n gewapende roof uit te voer.

Vigilante het op die swart-en-wit bok beslag gelê en gesê hy was 'n gewapende rower wat toorkrag gebruik het om homself in 'n dier te verander sodat hy kan ontsnap nadat hy 'n Mazda 323 gesteel het.

'n Woordvoerder van die polisie in die oostelike staat Kwara het gesê:

"Die bok is nou in ons beskerming.

"Vigilante het gesien hoe 'n klomp straatboewe probeer om 'n motor te steel.

Die een boef het ontsnap, terwyl die ander een in 'n bok verander het."

Troeteldier is die vark in die verhaal

FLATER

'n Nieu-Seelandse man wat sy vrou met 'n volstruiseier aangerand het nadat haar troetelvark amok gemaak het is vir ses maande tronk toe gestuur.

Phillip Russell (46) het sy humeur verloor toe hy ontdek die vark het sy kragzaam beskadig. Hy het toe op sy vrou gespoeg, op haar geskreeu en haar met 'n volstruiseier gegooi.

Die man het sy vrou glo herhaaldelik gevra om haar troetelvark in bedwang te hou omdat hy reeds hul huis, die bure se huis en munisipale eiendom beskadig het. Sy het egter daarop aangedring dat die vark volle lewensruimte moet hê.

Die volstruiseier het haar borskas gekneus. Russell het 'n misdadgeskiedenis van huishoudelike geweld. Sy prokureur het aan die hof gesê Russell het ver wag sy vrou sou die eier vang.

Volstruise is nie inheems aan Nieu-Seeland nie en dis nie duidelik hoe die eier daar gekom het nie.

Hoe ry die meisie, poef-poef so . . .



FEIT

Japan se voorste toiletmaker het 'n "poefaangedrewe" motorfiets bekend gestel wat tot 300 km kan ry op 'n tenk wat met dierereste gevul is - 'n eerste in sy soort.

Die driewielmotorfiets het 'n toilet in die plek van die gewone sitplek en 'n yslike rol toiletpapier daaragter.

"Sy is maar net daar om die "gas" te verskaf, het Kenji Fujita verduidelik. Die biogas wat die aandrywing doen is gemaak uit die uitskeidings van diere en rioolafval.

Die fiets gaan nie bemark word nie en is bedoel as 'n advertensie vir omgewingsvriendelike produkte.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



TOI-TOI

Hoe die toi-toi ding regtig werk:

Die voorste klomp skree almal:
"We want equal rights!!"

Die middelsteklomp kan nie mooi hoor nie en skree:

"We want electrical lights!!!!!!"

Die agterste klomp het nie 'n idee waaroor dit gaan nie en skree:

"We want Big Corn Bites!"

En so weet niemand wat hulle eintlik wil hê nie!

In die politiek maak dit nie saak as jy onnosel is nie.

~ Napoleon Bonaparte

WHISKEY

Die boer stuur vir Jonas om 'n bottel J&B te gaan koop.

Jonas kom terug en sê: "Meneer ek kry hom nie dai J&B nie, toe koop ek maar 'n bottel Ek & Jy.

Die boer wonder toe waddehel is Ek & Jy. Toe hy die papiersak oopmaak, is dit 'n bottel Black & White!

(Dankie aan Johann Mostert.)

VASBESLOTE

'n Man stop langs 'n dogtertjie wat ná skool terugstap huis toe.

"As jy inklim, sal ek jou 'n suigstokkie gee."

Die dogtertjie hou net aan loop.

Die man ry stadig agter haar aan. Weer sê die man: "As jy inklim, gee ek jou hierdie hele sak vol suigstokkies!"

Die dogtertjie hou nog steeds net aan met loop. Die man ry weer stadig agter haar aan. Weer sê die man:

"As jy inklim dan gee ek jou hierdie hele sak suigstokkies en nog sjokolade ook!"

Die dogtertjie draai om en sê:

"Pa, ek het al hoeveel keer vir jou gesê, ek ry nie in die flippen Toyota Corolla nie!"

"My dokter het gesê ek moet ophou om intieme aandetes vir vier mense te hou. Tensy daar drie ander gaste is.

~ Orson Welles.

GELOOFSDAAD

Die non Suster Marie, doen haar rondtes in die dorp by verskeie bedêendes.

Sy gaan staan sonder petrol en stap na die garage daar naby op die hoek en vra of hulle vir haar 'n kammetjie kan leen.

Hulle het ongelukkig nie een nie en sy stap terug kar toe en sien die bedpan van die volgende pasiënt op die agtersitplek. Die non maak 'n plan en sy stap terug en gaan koop net genoeg petrol om die bedpan vol te maak.

Terug by die kar is sy net besig om die petrol in die tenk te gooi toe twee gatjiesonders oorkant die straat verbystap en haar opmerk.

Een draai na die ander en sê: "As daai kar start, dan word ek vandag nog Katoliek!"

BC deur Matroianni en Hart



Die bouersgilde in aksie



Hierdie is 'n storie oor die band tussen 'n klein meisie en 'n groep bouers. Dis glo 'n waar storie en kan jou geloof bevestig in die goedheid van mense, en dat daar dalk hoop vir die menseras is . . .

'n Jong gesin het in 'n huis langs 'n leë erf ingetrek. Op 'n dag het 'n span opgedaag en op die leë erf begin bou.

Die jong gesin se vyfjarige dogtertjie het dadelik belang gestel in al die aktiwiteite en met die werkers gaan gesels.

Sy was gedurig tussen hulle, en die bouers - almal met harte van goud - het haar min of meer aangeneem as die projek se gelukbringer. Hulle het met haar gesels en sy het met teebreke en etenstye by hulle gesit en hulle het haar klein takies gegee om te verrig en haar belangrik te laat voel.

Hulle het haar selfs haar eie harde helm en handskoene gegee, wat haar verheug het.

Aan die einde van die eerste week het die gawe bouers aan haar 'n betaal-koevert gegee met R20 se R2-munte. Sy was oorstelp en het dit na haar ma geneem, wat voorgestel het dat hulle 'n spaarrekening by die bank vir haar moet oopmaak. By die bank was die vrouekassier baie ingenome met die kind wat opgewonde vertel van haar "werk" en haar "loon."

"Jy het seker baie hard gewerk om soveel geld te verdien?" het sy gevra.

"O ja," het sy geantwoord. "Ek werk elke dag saam met Freek en Jan en Stoffel. Ons bou 'n groot huis."

"Nou toe nou," sê die vrou. "En gaan jy volgende week weer daar werk?"

Die kind het 'n rukkie nagedink, en toe ernstig verklaar:

"Ek dink so. Hang af of daai dose by Builders Warehouse hul gatte in rat kry en die donners e bakstene betyds aflewer."

Taalgebruik in die werkplek

(Dankie aan Corrie Greyvenstein.)

Dit het onder my aandag gekom dat sommige individue in die organisasie kru taal in normale gesprekvoering teenoor hul kollegas gebruik. Weens klagtes van sekere werkers sal die gebruik van hierdie tipe taal nie langer geduld word nie. Ons besef egter die noodsaaklikheid daarvan om in staat te wees om akkurate menings teenoor kollegas te kan uitspreek.

Die volgende nuwe en innoverende uitdrukkings word derhalwe aanbeveel ten einde gedagtes en inligting op 'n effektiewe wyse te kan oordra :

1. Gebruik Liewer:

"Ek dink addisionele opleiding sal waardevol vir jou wees." **Pleks van:** "Jy't geen f*kk*n idee wat jy doen nie."

2. Gebruik Liewer:

"Sy's 'n dinamiese werknemer." **Pleks van:** "Sy's 'n hardegat-teef."

3. Gebruik Liewer:

"Ek kan moontlik oortyd werk." **Pleks van:** "En wanneer de f*k dink jy moet ek dit doen?"

4. Gebruik Liewer:

"Ek is oortuig dis nie lewensvatbaar nie." **Pleks van:** "Daar's geen f*kken manier nie!"

5. Gebruik Liewer:

"Werklik?" **Pleks van:** "Moenie kka praat nie!"

6. Gebruik Liewer:

"Ek was nie deel van die projek nie." **Pleks van:** "Dis nie my f*kken probleem nie!"

7. Gebruik Liewer:

"Ek is nie seker dat dit geïmplementeer kan word nie." **Pleks van:** "Hierdie kka sal nie werk nie."



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Slegte kos en die vrywillige strafdril

Deur Troep Lombaard van die SP

MAAK nie saak in watter deel van die weermag 'n mens diens gedoen het nie, aftjop het jy afgetjop, een of ander tyd, net meer gereeld as jy 'n bokfartris was. (Die samevoeging van die naam het sy oorsprong van die springbokkie wat die infanterie op hul barette gedra het.) Ook ons manne van die Staatspresidentswag het ons swaarkry beurte gekry.

Soos die slag toe ons die kokke omgekrap het. Een mens wat jy nie mee moet vashaak nie, is dit 'n army kok. Hulle maak nou nie juis die wêreld se beste kos nie, maar hulle probeer darem om dit wat hulle het, so nou en dan eetbaar te brou.

Om in sulke grootmaat vir honderde troepe dag na dag eetbare voedsel te maak, kos seker ook maar vasbyt en verbeelding. Toe ons die dag goed gatvol was vir die gehalte van die kos, gooi 'n paar van ons ons varkpanne met slop net so daar in die menasie op die vloer uit.

Die kokke maak daar en dan die deure toe en sluit ons in. 'n Menasie is soos 'n Fort Knox gebou, om troepe uit te hou. In hierdie geval om hulle binne te hou. Toe wil hulle weet wie die skuldiges is. Die sondaars wou nie uitkom nie. Toemaar sê die hoofkok, ons sal sorg dat julle gal gewerk word, en laat ons daar uit.

Daar was ook die slag toe ons weer aangejaag het, juis toe die fiksheids-instrukteurs wie die basis met ons gedeel het, hul praktiese eksamens moes doen. Hulle moes bewys hulle weet hoe om 'n troep fiks te hou voordat hulle uitgeplaas was na ander basisse.

So word ons toe daardie Saterdagmiddag deur ons korporaal *gevolunteer* om te gaan help met die evaluasie. Ag, dink ons, dis mos niks. Vir opwarming word ons op 'n stywe draffie soontoe geneem.

Op die sportveld aangekom, staan hulle gereed vir ons, so rondom die rugbyveld uitgestrek. Ons word in groepe opgedeel tussen die aspirant instruktors. Toe word daargestarjump en ge-push up tot ons naer was.

Nes jy dink dis nou die einde, word jy na die volgende instrukteur gestuur, en dan begin die straf maar weer van vooraf. Ná wat soos 'n jaar gevoel het, is ons klaar en lê soos vrot velle daar op die rugbyveld. Van terugdraf was daar geen sprake nie. Een-een het ons later teruggestrompel barakke toe.

Die volgende Saterdag loop daar toe 'n gerug deur die kamp dat van die instruktors nie hul eksamens geslaag het nie. Hulle het weer manne nodig gehad om mee te demonstree. Nodeloos om te se, skielik was ons barakke leeg en kon jy nêrens 'n vrywilliger opspoor nie. Elkeen het 'n ander verskoning gehad om iets aan die ander kant van die basis te moes gaan doen.



Rusverstoring

'n Kommissiekabouter was heeldag op die pad. Op pad huis toe word hy baie vaak, en besluit hy sil liever van die pad aftrek en 'n uitljie knip. Wat hy nie geweet het nie, is dat hy lams 'n gewilde hardlooproete afgetrek het.

Lank voor sonop kom die eerste hardloper verby, tik teen die kar se verster en vra: "Kan jy my asseblief sê hoe laat dit is?"

Die slapende het net gekreun en gesê hy weet nie hoe laat dit is ni.

Kort daarna klop nog 'n hardloper een sy ruit en vra hoe laat dit is.

Die slapende man was nou behoorlik vies, gryp 'n stuk papier en skryf: "Ek Weet Nie Hoe Laat Dit Is Nie!" en dit teen die ruit geplak.

Net daarna kom 'n jong drawwer verby, klop aan die ruit en sê: Dis nou 05:57."



GLOBALISASIE

'n Definisie van globalisasie wat ek verstaan en waarmee ek my kan vereenselwig.

VRAAG: Wat is die beste definisie van globalisasie?

ANTWOORD: Die dood van prinses Diana.

VRAAG: Hoe so?

ANTWOORD:

'n Engelse prinses met 'n Egiptiese kêrel verongeluk

in 'n Franse tunnel

terwyl sy ry in 'n

Duitse motor

met 'n

Nederlandse enjin

wat bestuur was deur

'n Belgiese bestuurder wat op

Skotse whiskey

dronk was

en agtervolg was deur

Italiaanse paparazzi op

Japanse motorfiets

en behandel was deur

'n Amerikaanse dokter met

Brasiliaanse medisyne.

Hierdie boodskap kom van

'n Suid-Afrikaner

wat gebruik maak van

die Amerikaanse Bill Gates

se tegnologie

en jy lees dit waarskynlik

op 'n rekenaar met

Taiwanese skyfies en 'n

Koreaanse monitor

wat in

Singapoer

aanmekaargesit is deur

werkers van Bangladesj

en vervoer is deur

diëse lorriedrywers wat

deur 'n Swazi gekaap is

en deur onwettige immigrante

van Zimbabwe

by jou afgewer is.

**Dit, lieve vriende, is
GLOBALISASIE.**

Ouderdom op sy beste



Freek en Gideon het elke dag in die park ontmoet, die duiwe gevoer, die eekhorinkies dopgehou en die wêreldse probleme bespreek.

Op 'n dag het Gideon nie opgedaag nie, maar Freek was nie bekommerd nie. Miskien het hy verkoue of so iets.

Nadat Gideon 'n week lank weggebly het, het Freek begin bekommerd raak.

Maar omdat hulle nooit op 'n ander plek as die park ontmoet het nie, het hy nie geweet waar Gideon woon nie. Daar was dus geen manier waarop hy kon uitvind wat aangaan nie.

Nadat 'n maand verloop het, het hy gedink Gideon is seker maar in 'n houtkooi onder die kluite.

Op 'n dag het hy weer park toe gestap en daar sit Gideon!

"Gideon, jou ou blikskottel! Waar de hel was jy al die tyd?"

"Ek was in die tronk," antwoord Gideon.

"In die tronk?! Wat het jy gedoen?"

"Wel," sê Gideon, "daar is so 'n oulike kelnerinnetjie in die koffiewinkel waarheen ek soms gaan?"

"Wat van haar?" vra Frik.

"Wel, sy het uit die bloute in klag van verkragting teen my ingedien. En as 'n man van 89 was ek so trots dat ek in die hof skuldig gepleit het.

"Die regter wou egter nie saamspeel nie, en vonnis my toe 60 dae vir meineed."

POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Lesers laat wai oor taalgebruik

'n Paar van julle het gereageer oor die taalgebruik in Kammanuus en elders. En terloops, ons hoop die klaers verstaan hoekom daai dogtertjie in hierdie week se storie oor die bouers so lelik praat . . .

Wat is die verskil?

Piet Strydom:

Dis maklik om in die geyske groef van "seker maar 'n preutse oujongnooi wat uit voeling met die hedendaagse is te verval. Ek gaan nie die pad loop nie, maar ek moet wonder wat die verskil is tussen "publieke" skryftaal en "publieke" praattaal. Laasgenoemde is seer sekerlik meer "publiek" as die lees en skryftaal.

Hierdie debat begin nie nou nie en sal ook nie noueindig nie. Die realiteit is dat, soos my vrou sê, "f*k" sooo mooi in sooo baie beskrywings inpas en daaglik gebruik word. Miskien nie in al die kringe nie, maar beslis in die meerderheid. My verwagting is dat jy meer ondersteuning gaan kry as klagtes.

Laaste punt: Hoekom praat ons so maar as dit (ietwat afgewater) in skryftaal voorkom, DAN is dit ons maaklik, onwelowelik, onnodig, en so kan ons aangaan. Ek vind daar GEEN fout mee nie. Doe so voort.

Groetnis van Duskantland wat darem bietjie herstel het. Dit was so koud tot die Jode het voorvelle gehad. Dit kan ons seker nie plaas nie want dan gee ons weer aanstoot al is daar geen kragwoord in dies in nie.

Dit gaan oor die bedoeling

Bennie Barnard:

Dit was nou vir my rêrig interessant om Rochelle Nieuwenhuizen van Australië se stukkie te lees. Ek dink egter die girl mis die punt. 'n Woord is 'n harde woord nie oor sy spelling nie, maar wel oor die gemoed en bedoeling waarmee dit gebruik word. So as jy besig is om jou spelgoed uit die kot te gooi en jy is in iemand se gesig, maak dit nie saak of jy "frikken" of "f-kk-n" se nie, hy gaan jou op die lip "koer".

Sommer vol s-----

Juan van Schalkwyk:

Daai Roxanne tannie is sommer vol s-----. Daar is dinge wat jy in Afrikaans moet sê wat nie vertaal kan word nie. Soos b----- bak. Lekker lui lê in die son. Daar is geen ander manier om dit te sê nie. Maar nou ja, daai tannie het nou nie b----- nie, so watsal sy nou weet waarvan ons praat? Siestog.

Sy wil 'n taaldans uitvoer:

Louise Steyn voordat sy gelees het:

Ek het nie Roschelle se brief gelees nie, dus weet ek nie wat haar beswaar is nie. My opinie is dat Afrikaans wyd en syde gepraat, gelees en geskryf word, en oral, selfs in Australië en Amerika waar jy hom raakloop tel hy lokale kleurtjies en geurtjies op en dit is wonderlik, want dit is die aanduiding dat die taal leef en beweeg. Ek voel om 'n taaldans te doen tussen al die Kleurvolle, verskillende klanke, woorde en ritmes.

Natuurlik is daar 'n Standaardafrikaans om net orde en strukturen dissipline daar te stel, maar ons PRAAT hom nie. Ons neem kennis van hom en as die afwyking te groot raak en nie meer Afrikaans is nie, kom ons tot inkeer.

Lank leef die verskeidenheid in Afrikaans. Ek hoop nie dat die taal ooit so rigied en dood sal word soos bv Latyn nie.

Dankie vir die week se plesiertjies.

Maar nou wil sy nie meer dans nie:

Louise Steyn nadat sy gelees het:

Het nou net Roschelle se brief gelees. Vloek en skel het niks te make met die kleurvolle gebruik van ons taal nie. Ek stem saam met haar. Sulke woorde in praat en skryfkultuur is gewoon kru, onbeskaafd en lelik. Moenie dit publiseer nie.

Lekker verjaardaggeskenk

Helena van Wyk:

'n Groot lekkerte het my vanmore oorval. Toe ek my e-pos oopmaak was die nuwe Kammanuus daar. Dit voel vir my of ek oral gekielie word so lekker kry en lag ek. Ek verjaar oor so twee dae en ek aanvaard dit as my lekkerste geskenk. Dankie dat ek Kammanuus kry.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

DIE KOLONEL SE HOENDER

Klits saam:

1250 ml (5 k) melk

5 eiers

5 ml (1 t) Knoffelpeper

Sny hoender in porsies (of gebruik hoenderdye), marineer in bostaande mengsel en plaas oomag in yskas.

Meng meel en broodkrummels in gelyke dele, geur met sout en roeg knoffelpeper. Rol hoenderstukkies hierin. Plaas terug in yskas vir nog 'n uur. Bak in diep, warm olie.

BEDIEN SAAM MET DIE KOLONEL SE SKEP-BROOD!

(Ook heerlik saam met braaivleis)

250 ml mieliemeel 5 ml sout

500 ml kookwater 250 ml melk

25 ml botter 5 ml bakpoeier

3 eiers geskei

Voeg mieliemeel en sout by kookwater. Roer oor lae hitte totdat mengsel verdik (pure slap mieliepap!) Verwyder van stoof en voeg melk en botter by. Klits goed en laat afkoel. Klits eierwitte styf. Klits eiergele tot dik en romerig. Voeg gele en bakpoeier by mieliemeelmengsel. Roer goed en vou eierwitte by. Gooi in gesmeerde oondskottel en bak by 180 °C vir 30–40 minute en goudbruin. Opsioneel: Strooi dun lagie gerasperde kaas bo-oor voordat dit oond toe gaan.

STAMBOOM

COETSEE siashleen2@telkomsa.net

Inligting oor die Coetsee-families sal waardeer word.

MARE

(uitgespreek Marias)

pieterdm@mweb.co.za

My Oupa se name was Petrus Hermanus, gebore ongeveer 1880.

PRETORIUS adelp@mailbox.co.za

Ek doen navorsing oor **De Lange** en **Wolmarans**, ook **Erasmus** en **Royston** lyn. Al hulle voorvaders en nageslagte. Dit is my pa en ma se ouers. Het heelwat informasie, maar ek kort nog. As enige iemand inligting het om uit te ruil sal ek dit baie waardeer. Ek het ook baie ander databasisse op stelsel. Pretorius-lyn reeds gedoen.

THERON Strydomanneke1@gmail.com

Ek soek meer inligting oor die Theron-familie van Ficksburg. Dit is nogal belangrik en enige informasie sal waardeer word.

WOLFAARDT abrahamw@lithotech.co.za

My pa was George Sebastian Wolfaardt, en my ma Maria Magdalena Gertruida Wolfaardt. Ons was oorspronklik van Port Elizabeth.

Gesondheidswaarskuwing:

Moenie sjampoe in die stort gebruik nie.

Ek wonder hoekom ek dit nie al vroeër agtergekom het nie! Ek het gereeld my hare in die stort gewas, en kyk hoe lyk ek nou!

Die sjampoe loop oor my hele lyf wanneer ek dit afspoel. Op die etiket staan hul duidelike waarskuwing:

GEE EKSTRA LYF EN VOLUME!

Ek het dadelik oorgeslaan na Sunlight Liquid. Hulle meen dit los vet op wat andersins moeilik is om af te kry. As jy my soek, ek is in die stort.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Die Kolonie is nie biltongwêreld nie en die Bosveld is nie bokkomwêreld nie. Dis hoe die aarde gemaak is – elke ding het sy plek."

Deur BUKS BARNARD

Met die slaggaai in die paaie en slaggaai in die politiek is nie alles altyd meer lekker in ons land nie. Gelukkig is daar één ding wat die moedeloses bemoedig, die troosteloses troos, die redeloses red.

Hierdie gawe van die gode, hierdie weg tot wêreldvrede ... biltong. 'n Koutjie keurige biltong in die kies is salfvir 'n rou gemoed. Dit verruim jou medemenslikheid en verbreed jou verdraagsaamheid.

Solank 'n mens biltong het om te kou is dit lekker om te reis. Daarom, in die belang van padveiligheid, toerismebevordering, goeie smaak, nasiebou en wêreldvrede, koop vir jou 'n stukkie biltong. Maar om hemelsnaam, koop net reg. Só maak jy:

'n Mens vra nie prys nie - Dis ongemanierd om te vra wat biltong kos. As jy dit wil hê, koop dit, en as jy dit nie wil hê nie, los dit. 'n Mens mag nie iets soos biltong met die wêreldse banaliteit van geldwaarde besoedel nie.

Kies jou streek mooi - Kies die plek waar jy jou biltong koop baie versigtig. Die eerste aanduiding van opregte, rasegte biltong is die landstreek.

Die Hoëveld en Vrystaat is veilig, die Kalahari en Bosveld is pure biltongwêreld, maar in die Kolonie moet jy ligloop.

Die mense hier het nie die biltongmaak ervaring van die Groot Trek nie. Hulle spesialiteit is bokkoms. En nee, dit het niks met provinsialisme te doen nie. Net so min as wat ek die Kolonie se biltong aanbeveel, net so min sou ek mense aanraai om bokkoms te koop wat in die Bosveld gedroog is.

Die Kolonie is nie biltongwêreld nie en die Bosveld is nie bokkomwêreld nie. Dis hoe die aarde gemaak is – elke ding het sy plek. Maar hier en daar in die Kolonie is wel 'n blokman wat soms 'n reep droë vleis aanbied wat baie, baie na aan die ware Jakob kom.

Kies jou winkel nóg mooier - Koop biltong by 'n slaghuis of biltongwinkel. Al is jy hóé desperaat, jy koop nooit ooit 'n pakkie versmoorde biltong by 'n deurpadwinkel of kafee nie.

Daai goed is nie biltong nie. Dis flenters sening en afvalvleis wat sonder liefde of aanvoeling in 'n fabriek deur 'n droogoond gedryf word. 'n Spantou kou makliker én smaak lekkerder.

As iemand jou só 'n sakkie senings present gee, begrawe dit iewers waar jou hond dit nie in die hande kan kry nie. En beskou dit as 'n onsubtiele kennisgewing dat die vriendskap verby is.

Hoe groter die grootpad en hoe nader aan hom die biltongwinkel, hoe beter is die kans dat die biltongtransaksie jou met 'n bitter smaak in die mond kan laat. Van hierdie handelaars reken daarop dat jy haastig is en ver weg sal wees teen die tyd dat jy agterkom hulle het jou verneuk.

Daar is uitsonderings, maar hulle is skaars. Veiligheidshalwe soek ek eerder 'n slaghuis wat elke dag aan dieselfde plaaslike mense verkoop – hulle kan nie bekostig om hulle klandisie kwaad te maak nie.

Kyk na die naam - As die slaghuis of biltongwinkel se naam nie Afrikaans is nie, hou maar verby. Die Engelse weet niks van biltongmaak af nie. Hulle taal het nie eens 'n woord vir biltong nie.

Ek is nie Anglofobies nie – vir "cucumbersandwiches" of "marmelade and toast" sal ek soek totdat ek 'n plek met 'n Engelse naam kry.



"Wildsbiltong moet droog wees – hoe droër, hoe beter. Die beste wildsbiltong is die blinkste, swartste en gladste."

Hoe's die mense? - Bepaal die aard van die mense wat die biltong aan jou wil verkoop.

Dekades se noukeurige navorsing het bewys dat goeie biltong nie gemaak kan word deur mense wat onvriendelik, bot, ongemanierd, humorloos of dooierig is nie. Biltong wat nie lekker is om te koop nie, smaak ook nie lekker nie.

Kyk na die omgewing - Ek sal byvoorbeeld nie met 'n geruste hart tjilliebyte koop by 'n slaghuis waar daar 'n hoop jakkalsvelle in die agterplaas lê nie. Kyk en ruik hoe dit binne lyk. As daar vlieë in die slaghuis toegelaat word, dan is daardie effens souterige, bros-op-die-tong korreltjies op die biltong waarskynlik nie fyngestampte koljander nie ...

En onthou, 'n slagter wat jou toelaat om met jou kale hande aan die biltong te voel, laat ook hoeveel ander smerige lunsrieme met hulle kloue op die weerlose biltong los.

Ken die slagter sy storie - Die beste beesbiltong word gemaak van C-graadvleis. As jy "C-graad" sê en die slagter reageer asof iemand hom met 'n skokstok op 'n teer plek gaffel, soek maar 'n ander slaghuis (C-graad is spesiaal geskape om daardie lekker, smaakryke beesbiltong met die dik, geel vet te maak).

En as die slagter jou biltong vir jou in 'n plastieksak wil sit, kanselleer die transaksie net daar, vat jou geld en loop.

G'n mens wat iets van biltong weet, versmoor die goed in plastiek nie – dit bederf binne 'n uur of twee. Biltong hoort in 'n bruin papiersak – dis nou as jy nie 'n slopie het soos die ousemse gebruik het nie.

Kyk na die biltong self - 'n Bedagsame, bedrewe biltongmaker sny elke boud of blad of wat ook al netjies in sy nate uitmekaar. Daarna sny hy al die slierte en senings en rieme en goeters af en kook dit eenkant vir sy boerboele.

Van die skoon vleis sny hy gawe, gladde, egalige en elegante biltonge. Bekyk die biltong mooi: As hy 'n sening of 'n vleis in die middel af het, sal die biltongmaker jou waarskynlik ook met jou kleingeld probeer verneuk. Kies 'n biltong wat reg gesny is of gaan koop vir jou 'n pakkie skyfies by die kafee langsaan.

Die heel lekkerste wildsbiltong is die blinkste, swartste, gladste een wat nie te dik is nie, tensy dit 'n oumabiltong is ('n oumabiltong is die sagte binnerugstringvleis wat mense beeshaas noem).

Wildsbiltong moet droog wees – hoe droër, hoe beter. Hy moet só droog wees dat hy breek as jy hom buig. Morsaf.

Beesbiltong kan maar dik en natterig wees en rooi deurskyn as jy 'n skyfie teen die lig hou.

As jy nie 'n beesbiltong met dik geel vet kan kry nie, soek dan die swartste biltong met die egaligste tekstuur, maar moet jou nooit in 'n pienk biltong of 'n biltong met wit vet in laat verneuk nie.

Wit vet is voerkraalvet. Dit is verbouereerde beeste wat in kampies saamgehoek word en allerhande goeters ingestop word om hulle so gou as moontlik vet te martel.

Die storie dat wit vet beter is, is twak waarmee die voerkraalbase die dommer deel van die publiek mislei sodat hulle dit koop. Daar steek geen waarheid in nie. Dit smaak nie lekker nie en dis nie goed vir jou nie.

En die storie dat geel vet ongesond is, is nóg groter twak. My oupagrootjie sê al hierdie praatjies dat mense kwansuis sou siek word en doodgaan van cholesterol, pyprook, mampoer en geel vet, is twak.

Siekte word veroorsaak deur spanning en spanning word veroorsaak deur onsekerheid en onsekerheid word veroorsaak deur 'n vrot regering, sê hy. Moenie die skuld op biltong pak nie.

Kerf hom reg - Die beste, voorbeeldigste manier om beesbiltong aan te durf is met 'n skerp knipmes, maar dit kan soms lastig wees as jy nog 'n hand van iewers af moet optower om 'n stuurwiel vas te hou. Dan vra jy die slagter om die biltong wat jy gekies het, vir jou te kerf. Die meeste van die tyd word die stomme biltong in 'n rasende masjien gedruk.

As dié masjien oud word en sy lem stomp, dan kerf hy nie die biltong ordentlik nie – hy vermink dit.



" 'n Mens proe nie regtig hoe 'n biltong smaak as jy daar voor die toonbank drie koue aan 'n toetsmootjie gee nie."

Hy skeur die vet met die riem af en smyt dit, as jy gelukkig is, in een lang, papgekapte sliert eenkant en befomfaai die res tot 'n hopie flenters. Soms is dit so erg dat die hele ding, biltong, vet en riem, oral aanmekaar vas is wanneer hy kastig klaar gekerf is.

As jy ewe stylvol en deftig 'n kerf biltong met twee vingers raakvat en uit die sakkie wil lig, kom die hele spul saam, nes 'n slaghoender se gedermtes. Hier is my raad: Keer wanneer hulle jou biltongsakkie wil toeplak. Steek jou hand in, vat 'n stukkie biltong en tel dit op. As die stukkie een-een uitkom, vrolik die mensese dag op met 'n spitsvondigheid, sê dankie en betaal.

Maar as daar 'n sliert biltongdemers saamkom, eis dan dat jou biltong ordentlik gekerf moet word of vat jou geld, ruk jou op en loop. As die plek 'n sifdeur het – soos dit elke sindelike slaghuis betaam – klap hom dat hy tot in sy skamiere sidder. Dis jou reg en jou plig teenoor ander biltongeters.

Die smaak - 'n Mens proe nie regtig hoe 'n biltong smaak as jy daar voor die toonbank drie koue aan 'n toetsmootjie gee nie – biltong het 'n langdurige tongtroeteling nodig om sy ware boeket te bepaal. Dis die deel waar jy moet vertrou.

Maar as jy vir al hierdie voorsorge gesorg het, en al hierdie slaggate gesystap het – en jy het nog genoeg tande vir die taak, wag daar op jou 'n wonderlike belewenis: Die heilsame geelvetkroon, die smaaklike swardvleisrand en die dieprooi lekkerte in die middel.

Ruik hom: Die ene soet rooigrasweiding, ware Bosveld; goed en gesond.

Proe hom: Net genoeg geurgoeters sodat die vleissmaak ongeskonde behoue bly (een ding waaroor daar nie 'n verskil mag wees nie, is dat 'n fatsoenlike biltong sout moet wees. Nie brak nie, net lekker sout, soos 'n biltong behoort te wees).

Kou hom: 'n Kernontploffing van smaak en voedingskrag; ook voeding vir die geteisterde gees. Ewe skielik word die ou vaal wêreld rondom jou volkleur. Die onregte wat die mensdom jou so knaend aandoen, word nietigheid. Die slagatpad word 'n hemelse hoofweg.

Jou medepadgebruikers word jou innigste vrinne – almal broers teenoor wie jy niks anders koester nie as die groots te begrip en deernis.

Kammanuus 337 verskyn op 17 September.

